

Maandag 16 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18

Fokusgedeelte: Romeine 9:8, 16

God se kinders deur die belofte is dankbaar!

Hoe word mens 'n kind van God? Natuurlik berus dit op 'n keuse ...! Maar – nie 'n keuse wat by die mens berus nie ...

Nêrens in die Bybel word van 'n ongelowige verwag om 'n keuse vir of teen God uit te oefen nie! Die keuse berus by God. By Hom alleen. Net Hy is soewerein, en hoef Homself nie teenoor wie ook al te verantwoord oor sy besluite nie.

So lees ons dit in Romeine 9:14-16. So het Hy voor die grondlegging van die wêreld al bepaal dat, te midde van al die volkere destyds op die aarde, Hy in die Ou-Testamentiese bedeling net vir die klein volkie Israel sal uitkies om sy kinders te wees, ook uitkies dat uit hulle geledere Hy sy Seun, sy liefdesantwoord op die sonde van die mens, sou laat kom (Joh. 3: 16).

God het sy belofte gestand gedoen! Maar toe Hy gekom het, het Israel wetsonderhouding as verlossingsmiddelaar aangehang, en Jesus, nieteenstaande al die bewyse van sy woorde en wondertekens, verwerp. God se verbondsgenade het egter nie tot 'n eindpunt gekom hierdeur nie. Ook voor die grondlegging van die wêreld het Hy bepaal dat die takke van die mak olyf uitgebreek sal word, en die takke van die wilde olyf daar ingeënt sal word (Rom. 11:17, 18). En – die evangelie breek deur die grense van Jerusalem, Judea en Samaria, en bereik die eindtes van die aarde!

God se verbondsgenade realiseer in die feit dat ook mense uit elke volk en stam en nasie, uitverkies van voor die grondlegging van die wêreld af (Efesiërs 1: 3 – 14) in Jesus begin glo! Ja, God ontferm Hom oor wie Hy wil, en maak selfs hardkoppig wie Hy wil!

Maar – wanneer jy dit besef, het die tyd van agteroor sit nie aangebreek nie, jy het nog nie gearriveer nie. Die tyd van dankbare kind-wees het aangebreek!

Ons is juis uitverkies om die krag en Naam van ons God groot te maak uit dankbaarheid dat Hy Hom ook oor ons, sondaars, ontferm het, en ons om Christus ontwil sy kinders gemaak het!

Sing: Psalm 71-1:12, 14

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)